

Vraag 33: Wat is die verskil tussen verlossing en heiliging?

Materiaal vir stiltetyd, kleingroepe of families.

Vertel vir mekaar verhale van mense wat julle as heiliges beskou. Wat is dit wat vir jou uitstaan van hulle gedagtes, gedrag en lewens? Watter impak het dit op jou lewe gehad?

RUS

Gebruik 1 Petrus 1:1-2 vir persoonlike nadenke of as openingsgebed (in jou eie woorde):
“God die Vader het julle lank gelede al uitgekies en deur die Gees aan Homself toegewy. Die gevolg is dat julle gehoorsaam is aan Hom en deur die bloed van Jesus Christus skoongemaak is. Mag God se genade en vrede steeds meer en meer julle deel wees.” (NLV)

HOOR

1. Wat is die verskil tussen verlossing en heiliging?

2. Lees Petrus se verduideliking van verlossing en heiliging in 2 Petrus 1:3-11. Wat tref jou?

3.1 Hierdie 2de brief is die afskeidsboodskap van apostel Petrus. Hy skryf om die invloed van dwaalleraars die hoof te bied. Hy weet gelowiges sal net: “met moeite ontkom aan dié wat in dwaling leef” (2 Pet. 2:18). Hy waarsku veral teen dwaalleraars wat sonde verskoon op grond van die feit dat jy met jou liggaam kan doen wat jy wil. Dit sal nie jou gees besoedel of jou verhouding met God benadeel nie. Watter soortgelyke dwaalleringe kan julle vandag identifiseer?

3.2 Petrus wil gelowiges aanmoedig om vas te hou aan die ware evangelie, en te groei in kennis van God, want dit gee ons deel aan die goddelike natuur. Wat bedoel Petrus daarmee?

3.3 Petrus moedig gelowiges aan om hulle geloof te verryk met ‘n nuwe lewenstyl wat die volgende sewe kenmerke het: **uitnemendheid** (deugsaamheid of verantwoordelikheid), **insig** (kennis in die sin van begrip), **selfbeheersing, volharding**, ‘n **toegewyde lewe** (godsvrug), **broederliefde** (in Grieks *filadelfia*) en **liefde vir alle mense** (in Grieks *agape*). Bespreek wat elkeen van die sewe kenmerke beteken. Hoe kan julle dit prakties uitleef?

*(Onthou julle kan YouVersion se **Bible** toep gebruik om die NET Bible se woordverklarings te lees. Julle kan ook die **Scripture Direct** toep se interliniêre weergawe gebruik om die uitstekende Louw-Nida woordeboek verklarings te benut.)*

4. Lees my antwoord en oordink dit.

Verlossing is die vrymaking van sonde wat God my vir altyd gee. Heiliging is die toewyding aan God wat die Gees voortdurend in my werk. Verlossing en heiliging is gawes van God op grond van Christus se kruisdood en opstanding wat deur die Heilige Gees in my bewerk word. Daar is by niemand anders enige saligheid te soek of te vind nie.



LEEF

5. Dink weer oor die “heiliges” waaroor jy aan die begin gepraat het. Hoe bevestig of verander die gedeelte jou gedagtes oor hulle?

6. Besluit hoe jy wil saamwerk met die Here om te groei in heiliging soos Petrus dit uitspel. Deel dit met die groep en hou mekaar verantwoordelik deur terugvoer te gee in die toekoms.

Vir Dieper Delwers

Lees die **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 5.1.1-2,7,15**. Dink na oor die betekenis van die volharding van die heiliges vir jou.

DIE VOLHARDING VAN DIE HEILIGES

1. Hulle wat God na sy voorneme tot die gemeenskap van sy Seun, ons Here Jesus Christus, roep en deur die Heilige Gees wederbaar, verlos Hy wel van die heerskappy en slawerny van die sonde. Tog verlos Hy hulle in hierdie lewe nie heeltemal van hulle sondige natuur en bestaan nie.

2. Hieruit ontstaan die daaglikse sondes van swakheid, en selfs die allerbeste werke van die heiliges is nog gebrekkig. Daarom moet hulle voortdurend voor God verootmoedig, hulle toevlug tot die gekruisigde Christus neem, die sondige natuur hoe langer hoe meer doodmaak deur die Gees van die gebed en heilige geloofshandeling, en vurig na die bereiking van die volmaaktheid verlang. So moet hulle volhard totdat hulle, losgemaak van hierdie sterflike liggaam, met die Lam van God in die hemel regeer.

7. Wanneer hulle so in die sonde val, bewaar God eerstens in hulle sy onverganklike saad waaruit hulle weergebore is, sodat dit nie vergaan of vernietig word nie. Tweedens vernuwe Hy hulle deur sy Woord en Gees seker en kragtig tot bekering. Die gevolg is dat hulle oor die sondes wat hulle gedoen het van harte en volgens die wil van God berou het en deur die geloof, met 'n gebroke hart, vergifnis in die bloed van die Middelaar begeer en verkry. So besef hulle weer die genade van God wat nou met hulle versoen is, aanbid hulle sy ontferming en trou om daarna met groter ywer hulle eie heil met vrees en bewing uit te werk.

15. Hierdie leer van die volharding van die ware gelowiges, dit wil sê die heiliges, en van die sekerheid daarvoor, het God tot eer van sy Naam en tot troos van die gelowiges uitvoerig in sy Woord geopenbaar en in die harte van die gelowiges ingeprent. Die sondige natuur verstaan hierdie leer nie, die Satan haat dit, die wêreld bespot dit, onkundiges en huigelaars misbruik dit en dwaalgeeste bestry dit. Die Bruid van Christus het dit egter altyd as 'n skat van onberekenbare waarde innig liefgehad en dit volhardend verdedig. God sal sorg dat die kerk dit ook in die toekoms doen. Teen God kan geen beplanning stand hou nie, nog minder kan geweld iets teen Hom vermag. Aan hierdie enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe eer en heerlijkheid tot in ewigheid. Amen.